**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**:

- Maak seker dat jy alle instruksies by elke afdeling sorgvuldig deurlees én verstaan. Dit sal verseker dat jy die korrekte keuses uitoefen.
- Algemene taalversorging is belangrik.
- Werk netjies en noukeurig.
- Hou jou antwoorde op kontekstuele tipe vrae bondig en hou by die vereiste lengtebepalings by paragraaftipe vrae.
- Beantwoord net wat gevra word.
- Skryf die vraagnommer boaan die bladsy in die middel van die reël in jou antwoordboek en laat ? reël oop ná jou antwoord en die daaropvolgende vraagnommer.
- Omkring die vraagnommers wat jy beantwoord het op die buiteblad van jou antwoordboek.
- Lekker skryf!

**KEUSEVRAE**:

- Beantwoord TWEE vrae uit Afdeling A.
- Beantwoord EEN dramavraag uit Afdeling B.
- Beantwoord EEN prosavraag uit Afdeling C.
- Jy moet dus VIER vrae uit die vraestel vir 75 punte beantwoord.

**LET WEL**:

- Indien jy die kontekstuele tipe vrae uit Afdeling B beantwoord, moet jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C beantwoord, of andersom.
- **Jy mag nie twee stelle kontekstuele tipe vrae of twee stelle paragraaftipe vrae beantwoord nie.**

---

AFDELING A
## POËSIE

**INSTRUKSIES**:

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord Vraag 1 OF Vraag 2 **en** Vraag 3 OF Vraag 4.
- Lees telkens die gedig wat jy kies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 1

**HIPPIE**

Hy groei
plantaardig uit ? stoel voor ? kafee,
? pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoed met reis om homself.

Hy slaan
? pap handsak oor sy fraiingskouer.
Om huise se kombuise binne te val
sommer saam met die son en die vlieë.
Om gestrand te raak op die rand
van ? stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou
Die sinkomheinde werf waar uitgepofte
hoenders slaap om ? verbitterde bloekom.
Baie oumense dut daar. Hulle kraak.
Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbeltjie kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en krink om die pofadder se juwelehuis
van sewejaartjies: kleislang in ? kindertuin.

En voort
duimgooi hy na miskien ? genommerde
kamer met ? gideonsbybel, misken die ru
bouval van ? malman op ? afgrond, of
die binnevlerksagtheid van ? woud.

En hy skiet
ghrieskleurige hare uit ? apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.

**W. Stockenström**
uit: *Spieël van water* (Human en Rousseau)

1.1 Hippies is ook bekend as blommekinders. Skryf ? woord uit strofe 1 neer wat aansluit by die blombeeld. (1)

1.2 Watter strofe kan as herinneringstrofe beskou word? (1)

1.3 Watter TWEE sake word in r. 17 met mekaar vergelyk? (2)

1.4 Watter woord in r. 23 dui op die hippie se onsekere lewe? (1)

1.5 Skryf EEN eienskap van die hippie neer soos blyk uit strofe 2. (1)

1.6 Wat is kenmerkend van die beginreëls van elke strofe? (1)

1.7 In watter opsig stem r. 3 en r. 11 ooreen? (1)

1.8 Verklaar wat ? "hobbeltjie kind" in r. 18 beteken? (1)

1.9 Hoe is dit moontlik dat ? bloekom "verbitterd" (r. 15) kan wees? (1)

1.10 Waarop dui "ghrieskleurige" (r. 28) hare? (1)

1.11 Hippies was bekend vir hulle dwelmmisbruik. Is daar volgens jou mening enige goeie rede waarom mense dwelms misbruik? Motiveer jou siening. (2)

**[13]**

**OF**

**VRAAG 2**

**BITTERBESSIE DAGBREEK**

1 Bitterbessie dagbreek
2 bitterbessie son
3 ? spieël het gebreek
4 tussen my en hom

5 Soek ek na die grootpad
6 om daarlangs te draf
7 oral draai die paadjies
8 van sy woorde af

9 Dennebos herinnering
10 dennebos vergeet
11 het ek ook verdwaal
12 trap ek in my leed

13 Papegaai-bont eggo
14 kierang kierang my
15 totdat ek bedroë
16 weer die koggel kry

17 Eggo is geen antwoord
18 antwoord hy alom
19 bitterbessie dagbreek
20 bitterbessie son

**I. Jonker**
uit: *Rook en oker* (Perskor)

2.1 Na watter bygeloof kan " ? spieël het gebreek" (r. 3) verwys? (1)

2.2 Wat suggereer die woord “oral” in r. 7 van sy woorde? (1)

2.3 Watter gevoel teenoor die nuwe dag word deur die woord “<u>bitter</u>bessie” (r. 1 en 2) weergegee? (1)

2.4 Wat sê r. 3 – 4 van die verhouding waarin die spreekster haar bevind het? (1)

2.5 Skryf TWEE woorde uit strofe 3 neer wat ? teenstelling vorm. (2)

2.6 Watter TWEE sintuie word betrek by “papegaai-bont eggo” in r. 13? (2)

2.7 Op watter wyse word die spreekster se bitterheid beklemtoon in die slotstrofe? (1)

2.8 Wat beteken “bedroë” (r. 15) binne die gedigkonteks? (1)

2.9 Waarom, dink jy, begin strofe 2 met die werkwoord “Soek”? (1)

2.10 Dink jy liefdesteleurstellings is deel van ? mens se grootwordproses? Motiveer jou siening. (2)

**[13]**

**EN**

**VRAAG 3**

**BUSRIT IN DIE AAND**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby ... Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor ? dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand ...

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë ...
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

**E. Eybers**
uit: *Die stil avontuur* (J L van Schaik)

3.1 Watter tydsaanduiding kom in die titel voor? (1)

3.2 Waarna verwys “skaduwee-skimme” in r. 4? (1)

3.3 Met behulp van watter woord in strofe 1 word ? gevoel van eensaamheid geskep? (1)

3.4 Wat is die funksie van die herhaling van "en" in r. 12? (2)

3.5 Skryf ? frase uit strofe 5 neer wat daarop dui dat die verteller en sy metgesel nie tussen die ander passasiers hoort nie. (1)

3.6 Waarom word die woord "vaartuig" in r. 10 gebruik en nie "voertuig" nie? (1)

3.7 Na ? dubbelpunt volg daar gewoonlik ? verduideliking. Watter verduideliking volg na die dubbelpunt in r. 7? (1)

3.8 Hoe sluit die woord "jammerlik" in r. 15 aan by die morbiede stemming wat heers in die gedig? (1)

3.9 Dui "raai" in r. 15 op sekerheid of onsekerheid? (1)

3.10 Is die busrit verantwoordelik vir die sieldodende roetine waarin die werkers vasgevang is? Motiveer jou siening. (2)

**[12]**

**OF**

**VRAAG 4**

**PAPPA EN SEUNTJIE STAP**

drie vere
sewe dennepitte
en ? tor
in ? seuntjie se sak
in ? pappa se hart
wat simbole bewaar

vir my voete is hierdie stukkie
aarde glibberig en steil
soos die hele wêreld
in ? dwergiedroom
en wit kierie in die hand
dwaal ek deur strate en gedagtes
eensaam tussen baie klanke

die wind is ? singende meisie wat ek liefhet
en die geur van haar asem is blomme
in koel hande wat ek soen
Hierdie gebarste muur groet ek as vriend van my voetstappe
want ek verlang na die geselskap van ou mans
wat sluimer op banke langs die see
hierdie boom ontmoet ek in preweling en skaduwee
baie stemme donker musiek
en ek streel die groen
                    ruik die groen
                              kou die groen

tot die lewe vrank word op die tong
dan
onthou
ek
die tekens van ? seuntjie se soek
want
die vere is verganklikheid
die dennepitte krale van ons abakus
en die tor ons laaste ronde slaap

Frankie
trillende liggaampie
hitte en bloed
hierdie voel-hoor-ruik-proe-wêreld
versamel jy reënboog
liedjie en lente
help my om die stap te sien
handjievol kyk
handjievol bêre
seuntjiegenot

**W. Rowland**
uit: *Die huis waar ek woon* (Tafelberg)

4.1 Wie is die spreker in die slotstrofe? (1)

4.2 Noem ? moontlike rede waarom die aarde "glibberig en steil" in r. 7 – 8 vir die verteller se voete is. (1)

4.3 Watter gevoel word in die slotstrofe uitgedruk deur die gebruik van die talle verkleiningsvorme; "liggaampie"; "liedjie"; "handjie" en "seuntjie"? (1)

4.4 Skryf ? frase uit r. 17 – 20 neer wat aandui dat die vader bekende dinge op sy staptog ervaar. (1)

4.5 Watter versreël sluit aan by r. 1 – 3? (1)

4.6 Haal ? woord uit strofe 2 aan wat die oorheersende emosie wat die vader ervaar, aandui. (1)

4.7 4.7.1 Gee ? moontlike rede waarom die lewe "vrank word op die tong" (r. 25) vir die spreker. (1)

4.7.2 Wat beteken die woord "vrank"? (1)

4.8 Reëls 11 en 40 sluit inhoudelik by mekaar aan. Skryf die betekenisverband wat voorkom neer. (2)

4.9 Dink jy die "Pappa" het, ten spyte van sy gebrek, baie in sy lewe om voor dankbaar te wees? Motiveer jou siening binne die gedigkonteks. (2)
**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B

**DRAMA**
***DIE KEISER* – Bartho Smit**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie Afdeling.
- Jy het ? keuse tussen Vraag 5 (kontekstuele vrae) en Vraag 6 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae beantwoord, móét jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C beantwoord en omgekeerd.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

**VRAAG 5**

Bestudeer die volgende teksgedeelte uit die drama en beantwoord dan die vrae wat volg:

| | | |
|---|---|---|
| Wewer | : | Nee, U Majesteit. Maar u is dit aan die volk verskuldig om afstand te doen van die troon. Dit gaan ellendig met die volk, U Majesteit ... |
| Tiengelieng | : | Erger as wat dit onder u vader en grootvader gegaan het, o Keiser. |
| Keiser | : | Ek sal regmaak wat daardie twee verbrou het. Gaan sê dit vir die volk. Sê vir hulle ek is bedrieg deur twee skurke – maar ek sal alles regmaak ... |
| Wewer | : | Laat óns dit vir u regmaak, U Majesteit. Ons is jonk, ons het tyd – en ons het van daardie twee ontslae geraak. Tree u nou af; u verdien die rus – en laat óns die drome van die Heilige Keiser vir sy volk wáár maak. |
| Keiser | : | So – dan is dít waaroor dit alles gaan; Julle wil oorneem? |
| Wewer | : | Ja, U Majesteit. |
| Tiengelieng | : | Ja, o Keiser. |
| Keiser | : | Die oudiënsie is verby. Daar sal géén optog wees nie, en ék bly die Keiser. Met júlle sal ek later afreken. Kom, Keiserin. *(Hy begin vasberade na die deur loop. Die Wewer ruk hom hardhandig terug.)* |
| Wewer | : | *(met veranderde stemtoon)*: Jy't blykbaar nog nie gesnap waaroor die alles gaan nie, Ouman. |
| Keiser | : | Met wie praat jy?! |
| Wewer | : | Met jóú! *(Hy stamp die Keiser terug op sy troon.)* Sít daar dat ek dit vir jou kan uitspél! |
| Hofnar | : | *(gaan die Wewer te lyf)*: Jou vuilgoed! |
| Diplomaat | : | *(met ? rewolwer in die hand)*: Nar! |
| Keiser | : | *(sien die rewolwer)*: Los hom, Nar! ... Nar, dis ? bevel! |
| Nar | : | *(los die Wewer)*: Sorrie, my Kroon. |
| Diplomaat | : | My vinger jéúk vir jou, Nar. |
| Hofnar | : | *(Sien die rewolwer; sy hande gaan stadig omhoog)*: O.K, O.K... |
| Keiser | : | *(aan Diplomaat)*: Jý ook? |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 34 | Diplomaat | : | *(skuldig)*: Ja, U Majesteit. |
| 35 | Keiser | : | Laat sak jou hande, Nar – maar hou hulle tuis. |
| 36 | Wewer | : | En nou, Ouman ... |
| 37 | Keiserin | : | Hoe dúrf jy so met Sy Majesteit praat?! Hy's die Kéiser – al hét jy sy klere aan! |
| 39 | Wewer | : | Kyk hier, ou Lady – die keiserskap in hierdie land bestaan die afgelope halfeeu al uit die Keiser se klere – en dié het ék nou aan; en uit goue paleise en monumente en standbeelde – en dié neem ek nou oor ... En jý, Ouman – jy sit nou al ? halfeeu lank hier op jou gat en droom ... |
| 45 | Keiser | : | Táál! |
| 46 | Wewer | : | ... en droom dat jy ? volk kan bevry en beskaaf en jou Hof se skatkisse leegmaak om in hulle in te prop – en wat het jy bereik? |
| 49 | Keiser | : | Ek is bedrieg. |

5.1 5.1.1 Gaan dit werklik so "ellendig" (r. 2) met die volk? (1)

5.1.2 Motiveer jou siening. (1)

5.2 Na wie verwys die Keiser as hy praat van "daardie twee" in r. 6? (2)

5.3 Wat beteken die wood "oudiënsie" in r. 17? (1)

5.4 Op watter wyse verskil die Wewer se houding in r. 9 – 13 van sy houding in r. 24? (2)

5.5 Die Keiser sê in r. 17 dat daar géén optog sal wees nie.

5.5.1 Na watter "optog" word daar verwys? (1)

5.5.2 Om watter rede het hy tog aan die optog deelgeneem? (2)

5.6 Verskaf ? rede vir Nar se optrede in r. 26. (1)

5.7 Op watter wyse word die Keiser se skok en verbasing in r. 23 geïllustreer? (1)

5.8 5.8.1 Dink jy Diplomaat het rede gehad om "skuldig" (r. 34) te voel? (1)

5.8.2 Motiveer jou siening. (1)

5.9 5.9.1 Sou jy hierdie teksgedeelte uit die drama as die hoogtepunt van die verhaal beskou? (1)

5.9.2 Motiveer jou siening. (1)

5.10 Die Keiser sê in r. 49 "Ek is bedrieg". Watter minister is na jou mening die grootste bedrieër? Motiveer jou keuse. (2)

5.11 Noem TWEE planne wat die Wewer eintlik vir die volk gehad het. (2)

5.12 Wat beteken die uitdrukking in r. 30? (1)

5.13 Watter leesteken dui aan dat daar ? onderbreking in die Wewer se spreekbeurt in r. 39 – 44 plaasvind? (1)

5.14 Waarvan is klere vir die Keiser en Kultuur ? simbool? (1)

5.15 Die Keiser sê aan die Wewer in r. 14 "Julle wil oorneem".

5.15.1 Wat noem ons die term as rebelle-groepe die regering van ? land op gewelddadige wyse probeer oorneem? (1)

5.15.2 Watter verband bestaan daar tussen hierdie optrede van die Wewer en gebeure in sommige Afrika-lande? (1)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 6**

6.1 Bespreek binne die bestek van 180 – 200 woorde die belangrike rol van die beskawingsprogram in Ekwator deur aandag te skenk aan die volgende aspekte:

– Die toestand van die volk onder die Keiser se vader
– Die doel van die beskawingsprogram
– Die suksesvolheid van die program, en die redes daarvoor (10)

6.2 Bespreek in 200 – 250 woorde die drieledige plan van aksie van die Wewer (en Diplomaat) om beheer oor die regering van Ekwator te verkry deur na die volgende aspekte te verwys:

– Wewer en Diplomaat in <u>diens</u> by die Keiser
– Hulle <u>bedrieg</u> die Keiser
– Hulle probeer <u>oorneem</u>, en die afloop van hulle oorname (15)
**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

AFDELING C
**PROSA**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae beantwoord het, móét jy hier die paragraaftipe vrae beantwoord, of andersom. **Indien jy nie hierdie vereiste nakom nie, sal jy geen punt vir Afdeling C verdien nie!**

- Dit is ook belangrik dat jy slegs uit die roman wat jy gedurende die jaar behandel het die kontekstuele of paragraaftipe vrae beantwoord. Die romans is soos volg:

  ***KRINGE IN 'N BOS*** **(Dalene Matthee)**
  ***BY FAKKELLIG*** **(Karel Schoeman)**
  ***FIELA SE KIND*** **(Dalene Matthee)**
  ***TOORBERG*** **(Etienne van Heerden)**

- Hierdie afdeling tel 25 punte.

**KONTEKSTUELE VRAE**

- Beantwoord hier Vraag 7 óf 8 óf 9 óf 10, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het.

- Gee baie aandag aan jou skryfstyl; lees telkens die gegewe tekste deeglik deur en beantwoord daarna die vrae wat daaroor gestel is direk en in keurige taal.

**VRAAG 7**
***KRINGE IN 'N BOS*** **(Dalene Matthee)**

Hy hoor Maska bokant hom teen die helling in die skemer deur die onderbos aankom en staan op.

"Hulle weet jy's hier." Die ou man kom staan gedaan voor hom.

"Jy moet omdraai, hulle wou nie lat Sanna die kos gee nie."

Goed, kwaad, goed, kwaad.

"Ek het myself deurmekaar gedink terwyl jy weg was, Maska," erken hy. "Dit voel vir my ek kan nie meer onderskei tussen reg en verkeerd nie. Ek dink nie ek gee meer om nie."

"Ek het Hans Oukas bo by Groot Eiland gekry. Hy't sononderkant uit die Bos gekom en hy sê Oupoot is Meulbos se kant toe, hy het hom by Kleindraai gekry."

Hulle kan hulle kos hou."

"Jy moet omdraai, baas Saul."

"Hoekom?"

"Omlat ek bang geword het," erken Maska gelate. "As jou pa geleef het, kon hy julle gekeer het, maar nou is daar niemand om te keer nie. Nêrens keer niemand nie en ek is bang omlat ek nie weet watter kant toe alles hardloop nie. Ek staan met my hart tussen jou en Jozef en ek weet nie watter kant toe nie!"

"Wat sê jou hart oor Oupoot?"

"Jy's sy broer, dit sê my hart."

"Sê jou hart hy het Jozef se kind geskep?"

"Nee".

"Maar jy wil hom sien boet? As hy jou broer was, Maska, wat sou jy gedoen het?" En die ou man antwoord hom nie, daar kom ne ? blinkigheid in die klein swart ogies. Soos verwyt. "Wat sou jy gedoen het, Maska?" vra Saul hom weer. "Jy moet omdraai."

"Antwoord my, Maska!"

Die eerste van die nagdiere het in die onderbos begin ontwaak; êrens het ? Piet-my-vrou nog steeds ? wyfie geroep ...

"Hy kies net een keer ? mens-broer," soek die oue sy oë. "As ek sy broer was, sou ek voor hom gaan lê het."

"Maar jy sê ek moet omdraai?"

"Ja. Omlat jy nog nooit geglo het lat hy jou broer is nie." Dis ? hartseer verwyt.

"En tog het ek vier dae agter hom aangeloop!" keer Saul heftig vir sy kant.

"Om jou broer te skiet, ja."

Dis om en om in ? sirkelpad, dink Saul en voel die kriewels van ou woede in hom. "Maar jy gee nie om dat Freek Terblans of Jozef hom skiet nie?" daag hy die ou verrimpelde Outeniekwa genadeloos uit.

"Ek moet die spoor loop kry en wys." Die ou man trek sy lyf regop en die geheimsinnigheid in sy stem laat die waarheid soos ? bliksemstraal deur Saul trek. So hewig tref die waarheid hom dat hy sy eie hartklop in sy ore hoor.

"Wat probeer jy vir my sê?" vra hy skor.

"Lat ek die spoor moet wys!" Ongekende drif staan in die skraal lyf op. "Lat dit nie die eerste keer sal wees lat ek tussen hom en ? koeël loop staat nie! Lat dit nie die eerste keer sal wees lat ek hom kans gee om weg te kom nie, ook nie die eerste keer voor Freek Terblans se geweer nie."

"My God, Maska ..."

"Het jy jou pa in sy lewe ooit die Here se naam hoor ydel?" raas Maska asof hy ? oomblik vergeet dat dit nie ? kind is wat voor hom staan nie. "Joram Barnard het sy foute gemaak, baas Saul, maar hy het nie gevloek nie."

"Jy moet nooit weer vir my baas sê nie, Maska! Oupoot het die verkeerde broer gekies."

7.1 Wie is Maska, en hoe sou jy die verhouding tussen hom en Saul beskryf met r. 57 – 58 in ag genome? (2)

7.2 Maska se rol in die verhaal word in r. 18 – 19 en weer in r. 48 – 50 uitgebeeld.

7.2.1 Watter rol vervul hy in r. 18 – 19? (1)

7.2.2 Watter rol vervul hy in r. 48 – 50? (1)

7.3 Watter verband is daar tussen "Meulbos" (r. 10) en die delwers? (2)

7.4 Waarom word Bos (r. 10) met ? hoofletter gespel? (1)

7.5 Watter konfrontasie wou Maska verhoed toe hy in r. 13 vir Saul vra om om te draai? (2)

7.6 Wat gee Maska te kenne met sy woorde in r. 31 – 32 "As ek sy broer was, sou ek voor hom gaan lê het"? (1)

7.7 Haal ? woord uit r. 9 aan wat ? voorbeeld is van tipiese Bostaal-gebruik. (1)

7.8 Noem ? gebeurtenis in die verhaal wat Maska laat glo het Oupoot is Saul se dier-boer. (1)

7.9 Wat is die rede vir Saul se heftige reaksie in r. 52? (1)

7.10 Noem nog een van Joram Barnard se goeie eienskappe behalwe die feit dat hy nie gevloek het nie (r. 56). (1)

7.11 Hoe het Joram Barnard tot sterwe gekom? (1)

7.12 Stem jy saam met Saul se siening in r. 57 – 58 dat Oupoot die verkeerde broer gekies het? Motiveer jou siening. (2)

7.13 Wat beteken dit om die Here se naam te "ydel" in r. 53? (1)

7.14 Die gesprek in r. 31 – 38 is ? goeie voorbeeld van uiterlike konflik. Wat, dink jy, is die rede vir Maska se teenkantige houding teenoor Saul? (1)

7.15 Hoe verskil Maska se houding in r. 3 van sy houding in r. 47 – 48? (2)

7.16 Om watter rede verwyt Maska Saul in r. 53? (1)

7.17 Saul se denke in r. 39 "Dis om en om in ? sirkelpad" kan letterlik en figuurlik vertolk word. Motiveer. (2)

7.18 Wat beteken die frase in r. 22 "... hy het Jozef se kind geskep"? (1)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 8

## *BY FAKKELLIG* (Karel Schoeman)

"Kom sit", sê O Neill." Verskoon maar my botheid: ek is ongelukkig nie gewoond aan hoë besoek nie."

"Hoekom vergeet jy nie wie ek is nie?" vra David ongeduldig.

"Dit maak tog nie saak nie".

"Vir jóú miskien nie: jy kan jou maklik genoeg na my neig en vriendelik wees. Maar dis anders as jy jou hele lewe lank geleer is om jou dubbeld te buie, en 'ja, milord' en 'nee, milord' te sê met ? behoorlik-onderdanige glimlag op jou gesig. As jy jou hele lewe lank moes buig, is dit nie so maklik om regop te staan nie."

"Vir mý is dit ook nie maklik nie," beken David half onwillig.

"Ek weet ook nie hoe om met jou te praat nie."

"Omdat ek nie die pagter is wat die hek oopmaak nie, of die kneg wat jou stewels poets, dat jy maar kan sê, 'Dè' of 'Hierjy' of, 'Voertsek'? "David knik.

"Kom sit," sê O Néill weer, en hulle gaan sit teenoor mekaar aan weerskante van die kaggel. Die reën het verbygespoel, en buite is daar nog net die gedrup van water."

"Bly jy alleen hier?" vra David uiteindelik teen die stilte in.

"Ja"

"Is dit nie baie eensaam nie?"

"Ek verkies dit, liewers as om êrens in te woon, met hoenders oor die vloer en kinders wat in jou boeke krap. Maar Donore is seker ook eensaam."

"Ja," sê David," dit is. Wat studeer jy?" vra hy toe.

"Enigiets wat hom voordoen, enige boek wat ek in die hande kan kry. Mens studeer só nie baie diep nie, maar jy leer tog heelwat."

"Was jy dan nie op skool gewees nie?"

"Ja. ? Hegskool, en toe later het ek na die Suide gegaan, na Ciarraí."

"Ek het nie geweet dat julle dáár skole het nie."

"O, nie wat júlle skole noem nie; nie júlle akademies nie. Ek het soontoe gestap met ? skoon hemp en ? Latynse grammatikaboek in ? sakdoek vasgebind. Ek het baie aande sonder kos gaan slaap, maar ek het veel geleer – Grieks, Latyn ..." Hy kyk na David met ? skielike halwe glimlag." Ons het goed Latyn geleer," voeg hy by, en toe lag David oor die manier waarop hy dit sê, en oor die herinnering aan hoe kwaad die man se Latyn hom gemaak het. Daardie eerste ontmoeting lyk nou so ver in die verlede.

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Waarom word David se besoek aan Liam as ? "hoë besoek" gesien? | (1) |
| 8.2 | Hoe som Liam die verskil tussen hom en David in r. 5 – 8 op? | (2) |
| 8.3 | Watter handeling van David in r. 12 – 16 genoem, dui aan dat hy met Liam se verduideliking saamstem? | (1) |
| 8.4 | Watter lewenshouding word uitgebeeld met die sin in r. 9 "As jy jou hele lewe lank moes buig"? | (1) |

8.5 Watter ooreenkoms tussen Liam en David word in r. 21 – 24 aangedui? (1)

8.6 Waarna verwys "Donore" in r. 23? (1)

8.7 Watter emosie word met behulp van die aksenttekens op "dáár" (r. 30) uitgedruk? (1)

8.8 8.8.1 Waar het die eerste ontmoeting (r. 37 – 38) tussen Liam en David plaasgevind? (1)

8.8.2 Watter gebeurtenis het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van hul vriendskap? (1)

8.8.3 Sou jy Liam se invloed op David as positief of nadelig beskou? (1)

Motiveer jou siening. (1)

8.9 Wat dui die beletselteken in r. 34 aan? (1)

**EN**

"Wat makeer?" vra hy uiteindelik.

"Mý?" Séamas skrik wakker." Soos ek gesê het, die jare wat opgetrek het, die dood wat kom. Ek is nie so danig jonk nie, weet jy?"

"Het jy dit dan nou eers besef?"

"O, ek het nog altyd goed met die besef saamgelewe, maar daar het ? gevoel van – wat sal ek sê? – ongenoegsaamheid, nutteloosheid bygekom. Ek voel werklik oud en afgeleef."

"Die opstand?" vra David.

"Ja, al die jong kêrels, Liam en al die ander, al die arbeiders hier op die plaas wat opgewonde planne smee en met blink oë uitstorm agter hul ideale aan – terwyl ék met al my mooi praatjies hier in die hoek bly sit met die whiskeybottel."

"Niks verhinder jou tog om met hulle te gaan nie. Jy is net so besield soos hulle."

Séamas glimlag weemoedig. "Ja, in my gesprekke voor die kaggel, maar die toets lê in die dade, nie in die woorde nie. Húlle sal uitgaan met hul gewere en gaffels, húlle sal voor die muskette van die soldate gaan staan en die galg bestyg. Maar ék ..."

Hulle praat nie: Séamas leun lui terug in sy stoel, en David sit by die venster en kyk na hom.

"Is jy bang?" vra hy.

"Ek wil nie doodgaan of my lewe in gevaar stel nie, maar ek moet tóg doodgaan, en as sake misluk, kan ek net sowel deurloop soos enigeen anders. Daar is van hulle wat seker net so min verlang na die dood, maar tog gaan hulle met hulle oortuiging."

"Jý het ook die oortuiging."

8.10 Wat is die redes vir Séamas se gevoel van nutteloosheid in r. 8? (2)

8.11 Na watter "opstand" word daar in r. 9 verwys? (1)

8.12 Watter teenstellende emosies beleef Séamas met die sin in r. 16 “Séamas glimlag weemoedig”? (2)

8.13 Lees weer r. 17 – 19.

8.13.1 Dink jy Séamas was hoopvol dat die opstand suksesvol sou afloop? (1)

8.13.2 Motiveer jou siening. (1)

8.14 Met watter sterk “oortuiging” (r. 26) gaan veg die opstandelinge? (1)

8.15 Met watter woord in r. 20 kontrasteer “uitstorm” in r. 12? (1)

8.16 Watter sinsdeel in r. 19 – 21 dui daarop dat Séamas nie dieselfde drif en oortuiging deel as die opstandelinge nie? (1)

8.17 Is Séamas lafhartig as hy in r. 23 sê “Ek wil nie doodgaan of my lewe in gevaar stel nie”? Motiveer jou siening. (2)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 9
## *FIELA SE KIND* (Dalene Matthee)

“Willem sê jy’t nou weer wit geword, jy sal nie weer dros nie”. Hy het weggekyk sodat sy nie moes sien dat sy hom raakgekap het nie. Dit was soos verloor as jy nie wou verloor het nie en ander staan vir jou en lag. Hy het geweet hy is Lukas van Rooyen, maar hy wou nie hê hulle moes weet hy weet nie. Die wa het gekom, hulle het die balke gelaai, die geld uitgetel en toe hy en Nina huis toe stap, het hy nie met haar gepraat nie. Gewoonlik het sy pa die dag nadat die balke verkoop is, dorp toe gegaan om kos te koop, maar hierdie keer het hy gesê hulle moes wag tot Willem of Kristoffel by die huis kom. Sy bene was te gedaan, hulle sou nie meer die dorp haal nie. “Pa lieg,” het Nina agteraf gesê. “Sy bene mekaar niks. Hy’s bang vir die olifante; hulle weet dis hy wat die gat laat graaf het.”

9.1 Wat is die verwantskap tussen Willem (r. 1) en Benjamin / Lukas? (1)

9.2 9.2.1 Word die woorde “wit geword” in r. 1 letterlik of figuurlik gebruik? (1)

9.2.2 Motiveer jou siening. (1)

9.3 Wat word bedoel met die frase in r. 3 – 4 dat sy hom “raakgekap het”? (1)

9.4 9.4.1 Watter faktor het vir Lukas die sekerheid gegee dat hy wel Lukas van Rooyen is en nie Benjamin Komoetie nie (r. 5 – 6)? (1)

9.4.2 Wanneer het die onsekerheid oor sy identiteit hom weer beetgepak? (1)

9.5 Stem jy saam met Nina se siening in r. 14 – 15 dat haar pa bang is vir die olifante? Motiveer jou siening. (2)

**EN**

Sy ma het die deur net genoeg laat skiet sodat hy kon inkom.

? Stoel het omgestamp gelê. Die een katel was skeef gestamp.

Nina het soos ? deurmekaar mens te kere gegaan terwyl haar pa haar aanhou vaskeer en met die vuis probeer bykom.

"Nie so teen haar arms nie, Elias! Nie teen haar arms nie, dit sal merke maak."

Hy wou omdraai en weer buite vlug, maar Nina het hom van agter af om die lyf beetgekry en al voor haar teen die houe gedraai. Die hele tyd het sy oor en oor geskree: "Ek sal nie gaan nie! Ek sal nie gaan nie!"

Haar pa het begin moeg word; sy asem het in sy bors begin fluit en niks wat hy geskree of gedoen het, kon haar stil kry nie.

Toe dit te donker word, het hy die kers opgesteek, die osriem gevat en haar arms teen haar lyf vasgebind en met ? tweede riem haar voete aanmekaar gebind.

Maar sy het aangehou met skree en met rieme en al oor die vloer gewurm tot dit vir hom gevoel het hy gaan sy mond oopmaak en saam begin skree.

"Nina, asseblief bly stil! Pa is klaar met jou, hy slaan jou nie meer nie!" Hy het langs haar gaan hurk en haar skouers probeer vasdruk.

Sy het haar vuil gesig teen die skurwe vloerplanke geskuur en met oë vol nood na hom gedraai: "Lukas, help my. Praat met Pa."

'Wat moet ek vir hom sê?"

"Sê vir hom ..."

Haar pa het haar voorgespring: "Sy's ? ondankbare maaksel, dis wat sy is, Lukas! Die boswagter het kom sê dat hy vir haar werk op die dorp gekry het, vier sjielings die week en kos en klere daarby en plaas dat sy op haar knieë gaan, gaat sy te kere soos ? vark wat geslag word!"

9.6 Watter eienskap van Elias kom in r. 4 na vore? (1)

9.7 ? Verdere eienskap word in r. 27 gesuggereer. Watter eienskap is dit? (1)

9.8 Watter emosie wek Elias se optrede in r. 4 en r. 14 – 15? (1)

9.9 As jy Barta was, sou jy dieselfde gereageer het soos sy in r. 5 – 6? Motiveer jou siening. (2)

9.10 Wie is die "hom" na wie daar verwys word in r. 17? (1)

9.11 Wat is die funksie van die beletselteken in r. 24? (1)

9.12 Waarom kan ons sê dat “gewurm” in r. 17 ? besonder gepaste woordkeuse is? (1)

9.13 In r. 28 – 29 is daar ? voorbeeld van ? vergelyking. Dui aan watter twee sake met mekaar vergelyk word. (2)

9.14 Wat beteken dit as iemand se asem in sy bors begin fluit (r. 11 – 12)? (1)

9.15 Wat word bedoel met ? “deurmekaar mens” in r. 3? (1)

9.16 Benjamin / Lukas tree op as trooster vir Nina in r. 20 – 21. Watter rol word deur hom vervul in r. 7 – 9? (1)

9.17 Voltooi Nina se sin in r. 24 sinvol. (1)

9.18 Watter rede is daar vir die dubbelpunt in r. 22? (1)

9.19 Stem jy saam met Elias en behoort Nina op haar knieë te gaan (r. 28) vir die werksaanbod? Motiveer jou siening. (2)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 10

## *TOORBERG* (Etienne van Heerden)

Ek hoop om hierdie aangeleentheid binnekort af te handel – my eie integriteit, én Justisie, verwag dit van my. Deur die jare was Justisie goed vir my en ek sal probeer om aan die departement se eise te voldoen.

“Steeds jou verlangende eggenoot en vriend: Abraham van der Ligt.”

Strome van lewende water, dink Abel by die vet, koel geur van die Oog se spuwende stroom. Lig breek deur die groen takke van die doringboom langs die poel. Die boom staan in blom en die fyn geel klossies tuimel uit die takke, val op die water, dryf met die roeringe saam, verby die kind se smal wit skouers, dam teen ? klip, breek los en sleur weg in die stroomversnellings berg af. Hy kyk hoe die kind in die water omwoel, skaterend spat, opspring en verder wegduik. Kabbelings stoot tot by Abel se voete, waar hy sy pyp teen sy kamaste uitslaan en dit tydsaam opsteek. Aarde, dink hy. My vrugbaarste aarde. Hange met rooi- en suurgras. Sit op ? perd en jy kan die halmpunte by jou stiebeuels vasvat. Paradysberg was die ander naam wat StamAbel glo oorweeg het, maar toe die aandmis uit die vleie opstaan, die ganse met hul klae begin en hy in die lig van die vlamme na die skarrelende Boesmantekeninge teen die grot se wande kyk, het hy gedink: Onbegryplike aarde. Tóórmooi, Toorberg. Nou jaag die kind ? naaldekoker oor die water. Hy bekruip die insek wat voor hom in die lug hang, spring skielik en gryp, maar die naaldekoker blits sywaarts en die kind plas in die vlakwater op sy hurke neer. Net die vorige dag het Abel die Slams sit en dophou waar hy teen die kranse geklouter en kort-kort gebuk het om mos en kruie te pluk en in sy leersakkie te sit. Die man het ? ekstra oog, het die mense mos geglo,

en Abel het gesorg dat hy laag onder die takke van die doringboom by die Oog bly. Ook aan die kind het hy beduie om eers stil in die biesieste hurk totdat die toorder in die kloof na die oorkantste hang afgesak het.

* * * * * * * * * * *

Die magistraat sukkel met die leer op na die solderdeur. Waterwyser hou die lae deurtjie vir hom oop en voor hy na binne buk, kyk hy nog een maal na onder – na Ella wat in die helder sonlig op die geharkte werfgruis staan, tussen die spore van die boerboele wat om haar oor die netjiese harkhale lê.

* * * * * * * * * * *

Abel Moolman, in die donker hoek van die solder, seker twintig tree anderkant die ou koffers, stapels boeke, meubels lanterns – komieklik skeef in ? stoel waarvan die klapperhaar verby die bleek, lewelose hande peul. Oor sy skoot, dwarsweg, glim die enigste nuwe ding in die vertrek: die blink metaal en gepoleerde hout van sy jaggeweer.
Stadig baan die magistraat sy weg, gele deur die ligstraal uit die flits wat Waterwyser hou. Die lig as ? pad voor sy voete oop: buiteblaaie van vergete tydskrifte, ? ou teodoliet wat waarskynlik deur een van die Abels vir die opmeet van landerye of die akwaduk gebruik is, ? koperverkyker, ? porseleinpop, pragtig bewaar met? star, kinderlike glimlag.

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Wat is die "aangeleentheid" waarna daar verwys word in r. 1? | (1) |
| 10.2 | Watter fisiese gebrek het die magistraat gehad? | (1) |
| 10.3 | Wie is die kind in die water in r. 13? | (1) |
| 10.4 | Op watter wyse pas Waterwyser du Pisani in by die lotgevalle van die Moolmans? | (2) |
| 10.5 | Om watter redes is die nageslag van StamAbel van mekaar geskei? | (2) |
| 10.6 | Dui die verskil in betekenis aan tussen "Paradysberg" (r. 17) en Toorberg (r. 21). | (2) |
| 10.7 | Wat was dit omtrent Toorberg wat vir StamAbel lief gemaak het vir daardie stukkie grond? | (2) |
| 10.8 | 10.8.1 Waarna verwys die "Oog" in r. 29? | (1) |
| | 10.8.2 Hoe sluit dit aan by die verhaal van die Moolmans? | (2) |
| 10.9 | 10.9.1 Wat word daarmee bedoel as daar in r. 27 gesê word dat die Slams " ? ekstra oog het"? | (1) |
| | 10.9.2 Hoe pas hierdie "ekstra oog" in by die res van die verhaal? | (2) |
| 10.10 | Wat word gewoonlik op ? solder gebêre? | (1) |
| 10.11 | 10.11.1 Waarom is Abel se doodgaan "op die solder" (r. 36) betekenisvol? | (2) |
| | 10.11.2 Wat is die simboliese betekenis van die "geweer" (r. 40), en die plaas se kaart en transport in sy hand? | (2) |

10.12 Waarom is daar ? spasie tussen r. 6 – 7? (1)

10.13 Is daar enige verband tussen die verhaalgebeure in *Toorberg* en die huidige Suid-Afrika? Motiveer jou siening. (2)
**[25]**

**OF**

## PARAGRAAFTIPE VRAE

Beantwoord hier Vraag 11 óf Vraag 12 óf Vraag 13 óf Vraag 14, afhangende van die roman wat jy gedurende die jaar behandel het.

Hou noukeurig by die vereiste lengtes en gee baie aandag aan taalgebruik en skryfstyl!

### VRAAG 11
### *KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee)

11.1 Saul Barnard word in die Bos as tipiese buitestander uitgebeeld en gebrandmerk as: oproerling, opstandeling, weggejaagde en verraaier. Bespreek die stelling in 200 – 250 woorde deur aandag te gee aan die volgende aspekte:

- Watter gebeure aanleiding gee tot elk van hierdie brandmerke
- Die brandmerk wat die dorp se mense hom gee
- Jou eie mening of hierdie brandmerke geregverdig was (15)

11.2 Saul se daad op veertienjarige ouderdom om die bloubokkie se kop oop te kap het verreikende gevolge gehad. Bespreek dié gevolge in 180 – 200 woorde deur aandag te skenk aan die volgende aspekte:

- Hoe dié daad ? breuk in sy verhouding met sy broer bring
- Hoe dié daad aanleiding daartoe gee dat hy sy vader met nuwe oë aanskou
- Waarom Saul nooit weer kind was na daardie dag nie (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 12
### *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

12.1 Bespreek in 200 – 250 woorde die belangrike invloed wat die volgende karakters op die ontwikkelingsgang van David uitoefen:

- Liam O Néill
- Vader O Floinn
- Séamas Bán (15)

12.2 Die lewenswyse van die Engelse heersersklas vorm ? sterk kontras met die lewensomstandighede van die Ierse boerevolk. Bespreek hierdie stelling in 180 – 200 woorde en gee aandag aan die volgende aspekte:

- Die lewenswyse van die Engelse grondbesitters
- Die lewensomstandighede van die Ierse boerevolk
- Jou eie mening of hierdie toestande enige ooreenkoms toon met die huidige Suid-Afrika (10)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 13
### *FIELA SE KIND* (Dalene Matthee)

13.1 Bespreek in 200 – 250 woorde die kontrasterende aspekte tussen Barta van Rooyen en Fiela Komoetie deur na die volgende hoofpunte te verwys:

- Fiela is in teenstelling met Barta ? eerbare mens.
- Fiela is in teenstelling met Barta ? beskermende moeder.
- Fiela is in teenstelling met Barta selfstandig.
- Jou eie mening oor Barta se positiewe optrede aan die einde van die verhaal. (15)

13.2 Fiela, Barta en Benjamin / Lukas het elk innerlike konflik ervaar as gevolg van geheime wat hulle probeer wegsteek. Bespreek hierdie stelling in 180 – 200 woorde deur aandag te skenk aan die volgende aspekte:

- Fiela se geheim
- Benjamin / Lukas se geheim
- Barta se geheim
- Die oopvlekking van hul geheime en die nagevolge daarvan (10)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 14**
***TOORBERG* (Etienne van Heerden)**

14.1 Die plaasnaam Toorberg suggereer ? sekere misterie en geheimsinnigheid; ? geheimsinnigheid wat verband hou met die familie se soeke na water. Bespreek in 200 – 250 woorde en verduidelik in watter opsig die storie van Toorberg simbolies die storie van water is deur aandag te gee aan die volgende aspekte:

- Die plaasnaam se skakeling met water
- Die verband tussen die boormasjien, Druppeltjie en sy graf (die boorgat)
- Die reën na Druppeltjie se dood en die simboliek daarvan (15)

14.2 Die magistraat steun in sy soeke na die waarheid rondom die dood van Druppeltjie in die boorgat sterk op inligting van Kaatjie Danster. Hierdie inligting gee aan hom as buitestander kennis oor die sondes van die Moolmans (die lewendes en die dooies). Bespreek in 180 – 200 woorde die inligting wat Kaatjie Danster aan die magistraat verskaf het, en hoe dié inligting hom in sy ondersoek gehelp het. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**